## VIR U AANDAG

**OESMAAND VIR DIE KOSKAS:** Desember bied ons aan alle lidmate geleentheid om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, gevriesde produkte, wors, maalvleis, hoender, weense worsies, ingemaakte vrugte/groente, vlapoeier, jellie, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank (poeiersoort), of kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u dienswerker afgegee word. Ons beplan 'n spesiale pakkie vir die 26 gesinne wat kospakkies ontvang. Navrae Joey telnr. 073 2988 142.

**DANKBAARHEIDSMAAND:** Indien u nog nie geleentheid gehad het nie, kan u gerus nog u dankbaarheidsmaand se offerkoevert in die kollektesakkie gooi. As u nog nie u koevert ontvang het nie, gebruik sommer 'n gewone koevert en merk dit as "Dankbaarheidsmaandbydrae". Ons is ver agter op ons begroting en 'n ekstra bydrae van elkeen kan net dalk die wa deur die drif trek. Baie dankie!

## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir Desember: Vakansiegangers***

Hierdie week se DANKSEGGING:

* Die afgelope jaar se geestelike en tydelike seëninge.
* Vakansietyd.
* Dankbaarheidsmaand.

Hierdie week se VOORBIDDING:

* 16 Dae van Gebed teen Huishoudelike Geweld (25 Nov-10 Des 2017).
* Kerskunsmark.
* Mense wat leef met HIV/vigs (en versorgers) 1 Des is wêreldvigsdag.
* Die droogte in die WesKaap.
* Water- en elektrisiteitsvoorsiening, riolering en vullis-verwydering, beheer van verkeer gedurende die vakansietyd.
* Stalletjies, straatmarkte en informele verkopings.
* Stranddienste te Vleesbaai – spanverhoudinge, programme.
* Vertonings in Barnyard, Walvissaal, Amfiteater, Stadsaal, Dias Museum, en waar ookal.
* Ontspaning – swem, branderplankry, diepseehengel, bootritte, helikopterritte, bungy, waterwurms, dans, fliek, uiteet, 4x4 roetes, *quadbike roetes,* wandelroetes, ens. - vreugde en pret maar steeds verantwoordelik.
* Privaatsekuriteitsmaatskappye – beveiliging van eiendom.

## ONS BANKBESONDERHEDE

NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 058 0031 (Dankoffers)
NG Mosselbaai-Suid, ABSA Mosselbaai, reknr 207 016 7886 (Geloofsoffers)



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: Skoolvakansie 2017/18

*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"* **Lukas 2:14**

| | | |
|---|---|---|
| **EREDIENSTE:** | **10 Des** | 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai |
| | **17 Des** | 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai |
| | **24 Des** | 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai |
| | **25 Des** | 08:30 Jan de Wet in kerksaal |
| | | 08:30 en 10:00 Kersdienste in kerkgebou |
| | | 07:00 Vleesbaai en Boggomsbaai |
| | | 09:00 Vleesbaai en Boggomsbaai |
| | **31 Des** | 09:00 Oujaarsdiens in die kerkgebou/Vleesbaai |
| | **07 Jan** | 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai |
| | **14 Jan** | 09:00 Kerkgebou en Vleesbaai |

**KATEGESE EN KINDERKERK:** Begin weer D.V. op 21 Januarie 2018.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**NEEM ASB KENNIS:** Ds Robert is 22 Des '17 tot 12 Jan '18 met verlof. Ds André is 26 Des '17 tot 16 Jan '18 en ds Danie is vanaf 2 tot 24 Des '17, met verlof. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus een van die ander dominees.

**DEURKOLLEKTE:** Raadpleeg asseblief u jaarprogram. By ons Kersdienste word 'n spesiale kollekte vir die koskas opgeneem.

**KERSMARK:** Ons nooi u hartlik uit na die Mosselbaai Kerskunsmark! Dit vind plaas vanaf 19-21 Desember 2017 in ons kerksaal. Uitstallers van dwars oor die land bied kwaliteit handgemaakte artikels te koop aan. Bring u familie en vriende en kom geniet 'n heerlike kuiertjie, terwyl u 'n spesiale geskenkie vir iemand koop en sommer ook u middag– of aandete teen billike pryse kry.

**KANTOOR:** Sal gesluit wees 23 Des '17 tot 1 Jan '18.



**ALMANAKKE:** Dit word nou versprei deur die dienswerkers. As u nie deur 'n dienswerker besoek word nie, kan u een by die kerkkantoor afhaal of by 'n erediens in die voorportaal.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.